RAADSBELEID

ONDERWERP : V E R S K A F F I N G V A N D E K O R A S I E P L A N T E A A N REGERINGSINSTELLINGS EN SKOLE

VERWYSING : 17.6.2.5

BESLUIT NR : 22.8/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Die regulering van dekorasieplante aan regeringsinstellings en skole.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om die beginsel van samewerkende regering te bewerkstellig.

RIGLYNE
Die beskikbaarstelling van dekorasieplante is onderworpe aan die beskikbaarheid daarvan en Raadsfunksies geniet voorrang.

PROSEDURE
1. Regeringsinstellings en skole kontak die Parke en Rekreasie Afdeling oor die moontlikheid van die gebruik van die Munisipaliteit se dekorasieplante.

2. Na gelang van die beskikbaarheid en aantal, word 'n skadeloosstellingsdeposito betaal.

3. Die kwitansie word na die Munisipale Kwekery geneem en die plante word op die nodige vorm aangeteken.

4. Regeringsinstellings en skole is self verantwoordelik vir die vervoer en dekoratiewe gebruik van die plante na en van die Raad se perseel.

5. By terugontvangs van die plante word enige verliese aangeteken en van die skadeloosstellingsdeposito verhaal.

ROLLE
1. Die Parke en Rekreasie Afdeling
2. Subdirektoraat Finansies

VERWANTE BELEID
Geen

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.